NAGMAAL FEBRUARIE 2023
Analiseer en leef geloofsonderskeidend op die pad vorentoe

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

WYDING:

Ons word eers vir ‘n oomblik tot in ons hart en gedagtes stil. Daarna sing ons, terwyl ons so bly sit, Gesang 168: 1-3 > Heilige Jesus, Heer van die here, U is verhoog tot die hemel troon.

VOTUM:

Jesus nooi sy volgelinge: Almal kom na My. Niemand is te sleg. Hy leer ons om Hom te dien en Hy neem ons sonde weg. Elkeen wat Hom liefhet is die Heer se eiendom. Elkeen wat na Hom toe kom seën Hy. (Vgl. Gesang 551: 1, 2, 3 & 4)

SEËN:

Die onverdiende genade van God is met almal wat ons Here, Jesus Christus, liefhet met ‘n liefde wat tot in die verste ewigheid nooit sal ophou nie (Efesiërs 6: 24, 2022).

LOFSANG:

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Besing die lof van Jesus saam. Gesang 215: 1-5

GOD IS LIEFDE, SO LEEF IN LIEFDE:

God is liefde ... Wanneer ons van liefde praat dink ons te maklik aan die wêreldse idee van liefde. Die soort liefde wat ons ‘n films en advertensies sien.

Die eerste brief van Johannes kan ons help om anders oor die liefde te dink. Die skrywer moedig die lesers aan om lief te hê soos wat Christus liefgehad het.

Maar dit is nie maklik nie. Dit is byvoorbeeld eerder te gee as om te verwag.

1 JOHANNES 4: 7-15 (2007)

JULLE MOET LIEF WEES VIR MEKAAR

7Vriende, ons moet lief wees vir mekaar, want liefde kom van God. Almal wat lief is vir ander mense, is kinders van God en hulle ken vir God. 8Mense wat nie lief is vir ander mense nie, ken nie vir God nie, want God is liefde. 9God

het vir ons gewys hoe lief Hy vir ons is toe Hy sy Seun na die wêreld gestuur het. Niemand anders is soos sy Seun nie. Sy Seun het gekom om vir ons ware lewe te gee. [10]Ware liefde is nie dat óns lief was vir God nie, maar dat Gód lief was vir ons en dat Hy sy Seun gestuur het. Sy Seun het gesterf, Hy was die offer wat ons sonde weggeneem het en wat ons met God versoen het.
[11]Vriende, God het vir ons gewys hoe lief Hy vir ons is, daarom moet ons ook lief wees vir mekaar. [12]Niemand het vir God gesien nie, nooit. As ons lief is vir mekaar, dan bly God by ons en dan is ons harte vol van sy liefde. [13]Ons weet dat ons by God bly en dat Hy by ons bly, want Hy het sy Gees vir ons gegee. [14]Ons het gesien en nou vertel ons dat die Vader sy Seun gestuur het sodat die Seun die Redder van die wêreld kon word. [15]As mense sê hulle glo dat Jesus die Seun van God is, dan is God by hulle en hulle is by God.

SANG:

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Ons begin met die woorde van Gesang 278 (Hoor ons bid, o Heer) dan los ons die amen en gaan na Gesang 278 (Hoor ons sug, o Heer). Met die Amen aan die einde.

PREEK:

Ek moet erken dat ek lank en diep gewonder het oor die teks en inhoud van vanmore se preek. Die gemeente Van der Hoff staan voor ‘n onbekende nuwe uitdaging. Ons kan vinnig begin om te dink en sê wat ons graag wil hê, maar is dit wat God vir die gemeente wil hê?

Ek voel in my hart, en met geloofsoortuiging, dat die gemeente nou opnuut moet soek na die wil van God. Van der Hoff is God se gemeente en God het ‘n roeping vir die gemeente. Hierdie gemeente is deel van God se plan in die gemeenskap van Groblersdal. Daarom moet ons biddend saam wees. Daarom moet ons die tree vorentoe biddend gee ~ ons oë gerig op Hom wat ons geroep het om Sy gemeente te wees.

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

In die boek Numeri staan die volk van God ook op so ‘n punt en daarom kan ons vanmore by hulle begin leer. Hulle het ‘n geskiedenis, maar hulle moet vorentoe. Hulle weet wat hulle wil hê, maar weet hulle wat God wil hê?

Ek dink nie die boek Numeri is baie mense se gunsteling Bybelboek nie. Ek dink nie die boek Numeri word baie gelees nie. Hoekom? Vol van vreemde getalle, feite, name en geskiedenis kan dit ‘n mens maklik verveel ... tot op die punt dat jy wonder wat die boek nou eintlik in die Bybel maak. Tog is daar baie om te leer van God en die mens. Ons kan baie leer van geloofsonderskeiding en wat om te doen as ons by ‘n vurk in die pad kom. Kom ons fokus ons gedagtes op die vertelling.

Opgewonde, maar tog bang, het die volk Israel na jare se slawerny uit Egipte getrek. Op wonderbaarlike manier maak God die see vir hulle oop ... hulle stap droogvoets deur, terwyl al die Egiptenare daarin verdrink.

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Dit was baie spesiaal en ‘n mens sou dink die volk sal nooit weer in God twyfel nie, maar die teenoorgestelde gebeur. Die volk vergeet gou en begin kla oor hulle omstandighede. Dadelik verlang hulle na die “goeie ou dae” in Egipte. So asof die slawerny in Egipte altyd “goeie ou dae” was. Alles behalwe, dit was loutere hel en vir jare het hulle God gesmeek om hulle daarvan te red.

Dit is eintlik ook ons! Wanneer daar uitdagings op ons pad kom het ons ‘n keuse; (i) ons kan oorweldig en verlam word deur ons uitdagings en dan net die goeie uit die verlede onthou – die gevaar hiervan is dat ‘n mens in die verlede vashaak. Blind vir die verlede se seer en pyn. Negatief, swaarmoedig het ons dan geen hoop meer vir die toekoms nie en ons begin selfs in God se bestaan twyfel. OF (ii) ons kan met die lesse van die verlede weer in ons seer en pyn van vandag besluit om vorentoe te gaan. Ons bande met God te versterk. Op Hom te vertrou

en uitkoms te smaak. Ongelukkig is die tweede keuse (om aan te beweeg) nie ‘n mens se eerste keuse nie.

Na die wonder van die see gebeure straf God die volk vir hulle negatiwiteit, geklae en opstandigheid. Hulle gaan nie reguit beloofde land toe nie, nee hulle sal eers vir veertig jaar in die woestyn moet rondswerf. Na hierdie veertig jaar kom hulle in die Paranwoestyn aan. Is hulle nou gereed vir ‘n nuwe toekoms saam met God? Sal hulle nou die regte besluite maak? Weet hulle wat is God se wil vir hulle pad vorentoe?

Moses moet twaalf manne aanwys om die beloofde land te gaan verken; Sammua, Safat, Kaleb, Jigal, Palti, Gaddiël, Gaddi, Ammiël, Setur, Nagbi, Geuel en Hosea. Nou waar is Josua? Die man van God. Hy wat die volk later die beloofde land sou inlei. Hy was verseker een van die twaalf verkenners! Hy was ... Moses het Hosea (seun van Nun) ‘n nuwe naam gegee – Josua.

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Hulle opdrag?

Numeri 13: 17-20

“Moses het hulle gestuur om Kanaän te verken, en vir hulle gesê: “Trek deur die Suidland en op na die bergwêreld toe. Bekyk die land, hoe dit is, en of die mense wat daar woon, sterk of swak, min of baie is, of die land waarin hulle woon, goed of sleg is, en of die mense se stede oop of versterk is, of die grond vrugbaar of skraal is, of dit bome het of nie. Doen julle bes om van die land se vrugte saam te bring.” Dit was juis die tyd van die eerste ryp druiwe.”

Die twaalf manne het presies gedoen wat Moses gesê het. Terug en met hulle aankoms in die laer van die volk, daar waar hulle angstig op die nuus gewag het, en oor die toekoms gewonder het gebeur Numeri 13 vers 26-33

NUMERI 13: 26-33

“Die verkenners het toe by Moses en Aäron en die hele vergadering van die Israeliete by Kades in die

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Paranwoestyn aangekom. Daar het hulle aan Moses-hulle en aan die hele vergadering verslag gedoen en vir hulle die vrugte van die land gewys.

Hulle het aan Moses gerapporteer en gesê: “Ons het in die land gekom waarheen u ons gestuur het. Dit loop oor van melk en heuning, en hier is van sy vrugte.

Maar die mense wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot. Ons het ook die nasate van Enak daar gesien. Die Amalekiete woon in die Suidland, die Hetiete, Jebusiete en Amoriete in die Bergwêreld, en die Kanaäniete by die see en langs die Jordaan.”

Kaleb het egter die manne wat met Moses praat, stilgemaak en gesê: “Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kán dit doen.” Maar die manne wat saam met hom gegaan het, het gesê: “Nee, ons kan nie teen daardie mense optrek nie, want hulle is sterker as ons.”

Die manne het toe 'n slegte gerug onder die Israeliete versprei oor die land wat hulle verken het. Hulle het gesê:

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

“Die land wat ons gaan verken het, is 'n land wat die lewe vir sy inwoners onmoontlik maak, en die mense wat ons daarin gesien het, is almal baie groot. Ons het daar ook die reuse gesien. Die Enakiete stam van hulle af. Ons was soos sprinkane in ons eie oë, en so was ons ook in hulle oë.”

Ons lees tot hier ... wat leer hierdie spesifieke teks vir ons ten opsigte van Van der Hoff se pad vorentoe? Hoe help dit ons om die pad vorentoe te vind? Dink bietjie verder saam met my. Gaan huis toe, lees die teks weer, bid daaroor, praat met mekaar, luister na mekaar.

Om die teks te verstaan moet ons onder andere die verskil tussen, Analisering en Geloofsonderskeiding, ken. Ten einde God se wil in hierdie teks te vind, dink ek dit is krities belangrik om die verskille en ooreenkomste raak te sien.

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Om te analiseer is om die feite op die tafel te sit. Dink nou weer aan die gemeente en ons soek na die pad vorentoe. Analiseer bring vir ons die feite oor die geskiedenis van die gemeente. Analiseer bring vir ons die feite oor die samestelling van die gemeente getalle. Die demografiese inligting van die omgewing. Ja, ook die finansies van die gemeente. Miskien meer van ‘n wetenskaplike proses.

Geloofsonderskeiding is om vanuit jou verhouding met God oor hierdie feite op die tafel te besin. Die is meer van ‘n geloofsproses.

Laat ons mekaar herinner, dat beide hierdie prosesse belangrik is, dit is nie die een of die ander nie, maar beide. Om die pad vorentoe te vind moet ons analiseer en ons moet geloofsonderskeidend daarmee worstel.

Moses word dikwels as ‘n baie goeie leier beskryf en hy was dit ook, maar in ons verhaal mis sy leierskap iets en God wil ons daardeur leer. Moses se opdrag aan die

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

---

twaalf verspieders was om bloot te gaan analiseer ... kom sit vir ons die feite op die tafel. Dit is toe ook wat die meerderheid van die verkenners gedoen het.

Hier is die resultate van die analise:

(i) Die land loop oor van melk en heuning – positief.
(ii) Die mense wat in die land woon is sterk – negatief.
(iii) Die stede is versterk – negatief.
(iv) Die stede is baie groot – negatief.
(v) Ons het die nasate van Enak gesien – negatief.
(vi) Daar woon baie verskillende volke – negatief.

Die resultaat van die analise is: 86% van die bevindinge is negatief en 86% van die verkenners stem daarmee saam. Daarom is hulle aanbeveling op hierdie analitiese verslag dat die volk nie die beloofde land moet intrek nie.

Kaleb (en ons glo Josua – wat niks sê nie, dit is ook gevaarlik!) werk met 14% van die verslag wat positief is ... die land loop oor van melk en heuning. Ons moet gaan.

Hoekom werk hulle anders met hierdie verslag? Hulle werk Geloofsonderskeidend: “Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kan dit doen.” Hoekom? Want dit is wat God wil hê. Onthou hulle nie die see wat voor hulle oopgegaan het nie, die water by Mara, die kos in die woestyn nie?

Nou my liewe broer en suster in die geloof. Van der Hoff analiseer en daar is dalende lidmaatgetalle. Daar is ‘n knypende ekonomie. ‘n Korrupte politiek. ‘n Liefdelose samelewing. Stukkende families. Siektes en ‘vernietigende oorstromings.

Nou doen ons bloot analise en ons bevind dat die Hervormde Kerk, wat lidmaatgetalle betref, sedert 1993 gehalveer het. Ons sien dat die Rand se waarde bly verswak. Ons erken die hofsake wat korrupsie aan die kaak stel. Ons sien hoe mense mekaar wreed met tong en wapen vermink. Ons geliefdes word gediagnoseer en

sterf aan siekte – is dit nie vir jou ook asof kanker toegeneem het nie? Dit is die analise!

Die gevaar lê daarin dat die analise ons enigste meetinstrument sal wees. Dit gaan ons noodwendig by die meerderheidsverslag uitbring: daar is nie hoop nie, alles is verby, ons kan nie voortgaan en die nuwe toekoms tegemoet gaan nie.

Die Kerk mag nie net met analise werk nie, ons moet ook Geloofsonderskeidend werk. Wat is God se wil? Dit is nie eenvoudig nie, dit veronderstel ‘n opregte en eerlike verhouding met God – ‘n verhouding wat tyd en allerhande ander offers gaan vra.

Nou by my en jou Rubicon. By ons persoonlike uitdagings. Ek is met kanker gediagnoseer. Ek het my werk verloor. My huwelik is op die rotse. My kinders loop agter die wêreld aan. Ek of my kinders kry nie werk nie. My geld het opgeraak – noem dit nou maar.

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Die eerste ding wat ons doen is om te analiseer. Ons sit die feite op die tafel. Onthou dit is reg, maar ons mag ons nie daaraan alleen blindstaar nie. Ons moet Geloofsonderskeidend ook handel. God in die prentjie bring. Dan is daar hoop – nogtans sal ek hoop, My Here en My God – hoe groot is U.

Persoonlik dink ek die grootste bate van ‘n analise is om te sien hoe groot God se wonderwerk op die einde kan wees.

Amen.

WISSELFORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL:

Geliefdes in ons Here Jesus Christus!

Die Here Jesus het voor sy dood saam met sy dissipels brood en wyn geneem en gesê dat hulle dit moet gebruik tot sy gedagtenis. Daarom vier ons die nagmaal.

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Die nagmaal is een van die kerk se twee sakramente tot versterking van ons geloof. Met die tekens van brood en wyn verseker Jesus Christus ons deur sy Gees van ons gemeenskap met God en met mekaar. By die tafel van die Here is ons ook saam om God te verheerlik.

Ons glo dat die Here deur sy Gees by hierdie feesmaal teenwoordig is. Wanneer ons die brood en wyn ontvang herinner dit ons dat ons verlos is deur die dood en opstanding van Jesus Christus. Deur geloof in Jesus Christus het ons saam met Hom gesterf en staan ons saam met Hom op tot ‘n nuwe lewe.

Die nagmaal wil ons daarvan verseker dat ons aan Christus deel het. By hierdie maaltyd rig die Here ons hoop ook op die hemelse feesmaal saam met God en al die gelowiges. Ons behoort vir ewig aan God. Daarom hoef ons niks te vrees nie. Christus is die Een wat was, wat is en wat kom – die Here van die toekoms.

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Rondom die tafel word die gemeenskap van gelowiges sigbaar. Ons het immers almal deel aan hiérdie brood en wyn. Die liefde wat God aan ons skenk bind ons aan mekaar. Voor ons by die tafel aansit moet ons onsself eers ondersoek en afvra of ons bereid is om deur ons doen en late hierdie band van liefde te versterk.

Ons is bewus van ons eie sonde en het daaroor berou. Omdat Jesus Christus ons vergewe mag ons by sy tafel aansit. Die deelname aan die nagmaal wil ons opnuut van sy genade verseker.

Wanneer ons van die tafel af opstaan, stuur God ons om wêreldwyd te getuig van sy versoening, sorg en liefde. God versorg ons met hemelse en aardse brood. Kom ons versorg uit dankbaarheid ander ook só.

Voordat ons aan die tafel van die Here aansit, laat ons bid.

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

GEBED:

Here, dankie dat ons vandag aan u tafel mag aansit. Ons glo dat U by ons is en ons versorg. Versterk ons geloof. Voed ons met die ware hemelse brood en wyn, Christus Jesus, ons hoop en lewe. Verseker ons deur u Gees dat ons deel het aan sy lewe, sterwe en opstanding. Was ons sonde af deur sy bloed. Raak ons só aan, dat ons dankbaar as u kinders sal leef. Stuur ons en maak ons oë en harte oop vir almal in nood en laat ons na hulle uitreik. Gee ons die geloofsoortuiging om Christus met woord en daad te verkondig. GESANG 266
Amen

UITNODIGING:

Broers en susters in die Here, u word hartlik uitgenooi om te kom na die tafel van die Here! Mits u bely dat Jesus ons enigste Here en Verlosser is.

TAFELFORMULE:

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Broers en susters, laat ons nie ons gedagtes rig op die uiterlike tekens van brood en wyn nie, maar op die betekenis daarvan, naamlik die versoening in Jesus Christus, ons Here.

REëLINGS:
Ons begin vandag van voor na agter.

Gemeente, alles is gereed; kom na die tafel van die Here. Kom, en word versterk in die geloof (1983 vertaling ~ Matteus 22:4).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.

En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.
Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

NA DIE BEDIENING SÊ DIE BEDIENAAR:

Geliefdes in die Here, aangesien die Here ons nou aan sy tafel gevoed en verryk het, laat ons almal saam in dankbaarheid sy Naam prys deur elkeen soos volg in sy en haar hart te spreek:

‘Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon.

Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Soos ‘n vader hom ontferm oor sy

kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien' (Psalm 103: 1-4, 8-13 ~ 1983 Afrikaanse vertaling).

Amen

GEBED:

Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank U met ons hele hart dat U u enigste Seun alleen op grond van u barmhartigheid aan ons as 'n Middelaar en offer vir ons sondes en as voedsel en drank van die ewige lewe geskenk het. Ons dank U ook dat U ons 'n opregte geloof gee, waardeur ons aan u gawes deel kry en dat U ook tot die versterking van ons geloof die heilige nagmaal deur u geliefde Seun Jesus Christus, laat instel het.

Ons bid U ook, getroue God en Vader, dat u Gees dit in ons harte sal bewerkstellig dat die wyse waarop ons so pas ons Here Jesus Christus gedenk het en sy dood verkondig het, ons elke dag in die ware geloof en die heilsgemeenskap met Hom sal laat toeneem.

Tekste: Gesang 551: 1-4; Efesiërs 6:24 (1983); 1 Johannes 4: 1-5 (2007); Numeri 13: 17-20 (1983); Numeri 13: 26-33 (1983); Psalm 103: 1-4; 8:13 (1983).
Liedere: Gesang 168: 1-3; Gesang 215: 1-5; Gesang 278; Gesang 279; Gesang 266; .

Ons bid dit deur u geliefde Seun, Jesus Christus.

Amen

SEENGROET:

Laastens my liewe familie in die Here:

Wees vol vreugde.

Mag julle heeltemal toegerus wees vir julle werk.

Mag julle getroos wees deur die Here.

Mag julle eensgesind wees.

Mag julle in vrede leef.

God, wat die oorsprong van liefde en vrede is, sal met julle wees (2 Korintiërs 13: 11 ~ 2022 Afrikaanse vertaling)

SANG:

Gesang 284: 1-3